Hoe om vir onbereikte groepe/nasies te bid

Daar is wêreldwyd ‘n geweldige opbloei in voorbidding vir die onbereikte groepe. In Oktober 1993 was daar byvoorbeeld meer as 21 miljoen bidders reg oor die wêreld wat vir die 10/40 Venster lande gebid het. Daar is ‘n ongekende oplewing in gebed en die mobilisering van voorbidders om vir die onbereikte groepe te bid.

Ek is oortuig dat die grootste enkele ontbrekende element ‘n die bereiking van die onbereiktes met die evangelie van Jesus Christus, volhardende, intelligente, intensiewe en gefokusde voorbidding is. In die volgende aantal paragrawe is daar praktiese riglyne vir voorbidders wat wil meewerk aan die uitvoering van die Groot Opdrag. Die werklike Groot Opdrag, kry ons in **Matteus 9:37-38.**

Die gedeelte in **Matteus 9** verbind die oes en gebed direk met mekaar. Vir die uitvoering van hierdie opdrag, is gebed die kernwoord. Die Groot Opdrag is dus veel eerder geleë in die woord *"bid"* as ‘n die woorde ***"gaan dan heen"*** wat ‘n **Matteus 28:19-20** gebruik word. Die Groot Opdrag ‘n **Matteus 9:37-38** is op **alle** Christene van toepassing. Die gedeelte in **Matteus 28:19-20** en die gedeelte in **Markus 16:15** is instruksies aan hulle wat spesifiek deur God geroep is om na die oeslande te gaan. Dit is duidelik dat nie almal geroep is om te gaan nie, maar dit blyk duidelik uit Matteus 9 dat almal geroep is om te bid. **Matteus 9:37-38** is dus ‘n groter opdrag.

Algemene riglyne vir voorbidding vir die onbereikte groepe

- Vra die Here vir spesifieke Skrifgedeeltes wanneer jy vir ‘n spesifieke groep bid. Wat is op God se hart vir daardie groep? **(Joh.3:16-17; 2 Pet.3:9).**
- Bid vir die nasie/groep se belangrikste leiers - hulle wat die meeste invloed uitoefen - dat die Here deur sy Gees hulle geestelike blindheid sal wegneem **(2 Kor.4:4).**
- Bid dat die spesifieke groep/volk ontnugter en ontevrede sal raak met hulle demoniese gode **(Joh.8:32; 16:13; 2 Tim.3:7).**
- Bid vir bonatuurlike/buitengewone manifestasies van God onder sulke groepe (gesigte, drome, visioene, genesings, ens.) **(Hand.2:19/Hand.4:30/Heb.2:4).**
- Bid vir oop deure sodat sendelinge die Woord na daardie groep toe kan neem **(Ps.2:8; Kol.4:3; Matt.9:37-38).**
- Bid vir die sendelinge en ander werkers se beskerming, vir wysheid, die salwing met die Heilige Gees vir hulle werk, eenheid onder die werkers en goddelike liefde vir die onbereiktes. **2 Kron.16:9; Ps.34:7; Ps.91; Ef.1:1 7-19; Sag.4:6; Joh.17).**
- Maak baie gebruik van aanbidding en lofprysing wanneer jy vir ‘n onbereikte groep bid **(Ps.66; 67; 95-100).**
- Weet dat volhardende gebed die weerstand van demoniese magte afbreek en dat die houvas wat die Bose deur demoniese vestings op die mense het, daardeur verswak word.
- Bid en vra die Here om aan jou (jou gebedsgroep) te openbaar hoe en waar die Bose vestings het. Vra vir die Here ‘n strategie om teen daardie vestings en demoniese heersers te bid en doen geestelike oorlogvoering.
- Bid dat die Gees van God mense uit daardie onbereikte groep sal oprig om ‘n sterk kerk onder hulle eie mense te bou.

Wanneer daar meer in detail vir die onbereiktes gebid word, is daar drie basiese aspekte wat aandag moet kry.

A. Die kerk wêreldwyd

Dit is die taak van die kerk van Christus om die evangelie van verlossing na die nasies van die wêreld te neem. Wanneer ons dus bid, moet ons vir die kerk van Christus oor die hele wêreld bid om die opdrag van **Matteus 28:18-20** letterlik op te neem.

a) Bid vir die kerk vir 'n nuwe sendingvisie. Bid dat sendinginligting by gemeentes sal uitkom en hulle bewus sal maak van die nood wat bestaan. Bid dat die predikante/pastore meer oor hierdie saak sal preek en dat dit 'n saak van dringendheid in elke gemeente sal word.

b) Bid dat die kerk sendelinge sal uitstuur. Daar is bitter min gemeentes wat nie in staat is om minstens een sendeling uit te stuur en te onderhou nie - al is dit ook net korttermyn sendelinge. Daar is duisende gemeentes wat twee en meer sendelinge kan uitstuur en onderhou. Bid dat meer en meer lidmate wat die roeping ervaar om voltyds of korttermyn sendingwerk te doen, gehoorsaam sal wees aan die roeping. God roep genoeg mense - die probleem is dat te min gehoorsaam is.

c) Bid dat die kerk fondse beskikbaar sal stel om die evangelie by die onbereiktes uit te bring. Op die oomblik gee die kerk wêreldwyd 10 sent per lidmaat per week vir die bereiking van die onbereiktes. Bid dat hierdie bedrag drasties sal styg.

d) Bid vir 'n gebedsvisie, dat die kerk sal sien watter krag daar in voorbidding is en dat elke gemeente voorbidding vir die onbereiktes in hulle weeklikse gebedsprogram sal insluit.

e) Bid dat kerke sal besef watter voorreg dit is om die evangelie na die onbereiktes van die wêreld te neem.

f) Dit is die taak en voorreg van die kerk om saam met Christus te bid vir die redding van die nasies **(Heb.7:25).**

g) Bid dat die kerk sal besef dat God oor die nasies regeer en dat die nasies van die wêreld in sy hand is **(Ps.2:8; Ps.47:3-4, 8-9)**.

h) God het gesag oor die nasies, daarom moet die kinders van die Here tot God roep om hulle redding **(Job 12:23; Jes.52:10)**.

i) Die kerk moet bid dat God se plan vir en doel met elke nasie op aarde bereik sal word **(Op.5:9; Ps.22:28-29)**.

j) Die kerk moet bid vanuit die wete dat Hy wat in ons is, groter is as hy wat in die wêreld is **(1 Joh.4:4)**.

k) Die kerk van Christus moet hom opnuut voor God verootmoedig oor die feit dat ons tot nou toe so min erns gemaak het met die groot opdrag.

1) Ons moet ons liefdeloosheid en verskeurdheid bely. Ons moet bid vir eenheid in die liggaam van Christus en vir lede onder mekaar sodat ons geloofwaardigheid onder die ongereddes kan hê en as verenigde front ons opdrag kan uitvoer.

m) Bid vir manne en vroue met visie en die vermoë om die kerk te mobiliseer en te begelei in die uitvoering van die opdrag om die evangelie na die uithoeke van die wêreld te neem.

n) Bid dat die werkers wat uitgaan na die oeslande, Geesvervulde manne en vroue sal wees **(Luk.11:13; Ef.5:18)**.

o) Bid vir die sendelinge wat uitgaan dat hulle vinnig sal akklimatiseer, die taal vinnig sal aanleer, die mense se kultuur en gewoontes sal verstaan en dat hulle met, ”wysheid en in heiligheid onder die mense sal leef.

p) Bid vir die nodige hulpmiddels om die evangelie effektief aan die onbereiktes oor te dra; mediabedienings (TV en radio), videos en klankkassette, Bybels en geestelike boeke in eie taal, korrespondensiekursusse ens.

q) Bid in besonder vir ‘n verdere uitbouing van jeugbedienings. Teen die jaar 2000 sal meer as 45% van die wêreldbevolking onder die ouderdom van 20 jaar oud wees.

r) Bid dat kerke en die verskillende sendingorganisasies met mekaar sal begin netwerk en sal saamwerk in die bereiking van die verskillende onbereikte groepe. Gebrek aan eenheid in die opmars van die kerk, is waarskynlik die grootste enkele rede vir die swak vordering wat die kerk maak in die bereiking van die onbereiktes.

s) Bid vir kruis-kulturele sendelinge en veral vir tentmakers en Christene in professionele beroepe om na hierdie onbereikte groepe te gaan en daar te gaan werk. Bid dat hulle op strategiese plekke werk sal kry, en so die pad sal voorberei vir sendingspanne, die Jesusfilm, *Every Home for Christ* en ander groepe om later daar te kom werk.

B. Die kerk in onbereikte groepe/lande

In baie lande, en onder die meeste onbereikte groepe, is daar reeds ‘n kerk gevestig en in sommige gevalle is daar al in klein groepie gelowiges. Dit is vir hierdie klein kerkies en groepies waarvoor ons baie moet bid. Hulle is reeds ‘n ligpunt binne die onbereikte groep.

a) Bid vir die ontwikkeling van leierskap in sulke groepe en kerke. Goeie leierskap is onontbeerlik vir gesonde kerkgroei. Bid dat die gelowiges geestelik vinnig sal groei tot volwasse dissipels van Christus. Bid dat die Gees van God vir hulle die Woord sal oopmaak dat hulle dit goed sal kan verstaan en dat hulle ook sal weet hoe om dit elke dag in die praktyk toe te pas.

b) Bid vir volharding ten spyte van vervolging in lande waar Islam, Hindoeïsme, Boeddhisme ens., baie sterk is, word die Christendom baie selde geduld. Persone wat hulle tot die Christendom bekeer, word dikwels vervolg en uit die gemeenskap gestoot.

c) Bid dat die Here sy kinders onder die onbereiktes met die Heilige Gees sal vervul en veral onder hulle ‘n sendingywer sal laat verantwoordelikheid posvat. Bid dat hierdie gelowiges hulle verantwoordlikheid sal besef en nie sal terugdeins vir die uitdaging of vir enige vorm van teenstand en intimidasie nie.

d) Bid veral dat persone wat tot bekering kom, nie sal emigreer nie. Dit verswak juis die Christelike getuienis in daardie streke en groepe.

e) Bid vir eenheid onder hierdie klein groepies gelowiges en bid teen dwaallering wat dikwels insluip en sulke klein kerkies verskeur.

f) Bid dat hulle vryheid sal hê om bymekaar te kom om God te aanbid en ook om die evangelie te verkondig. Ongelukkig is dit juis so dat die meeste onbereikte groepe in lande of gebiede woon waar daar beperkings op die verkondiging van die evangelie is.

g) Bid vir ‘n buitengewone uitstorting van die Heilige Gees op hierdie klein kerkies **(Hand.4:31).** In 1992 het daar in honderde klein dorpies in Egipte herlewing uitgebreek. Die effek daarvan was dat daar in 8 maande meer as 25 000 Moslems tot bekering gekom het. Hierdie herlewings het uitgebreek in die klein Christelike kerkies in die verskillende dorpies.

h) Bid vir hierdie gelowiges om in groot klem op voorbidding te plaas.

C. Bid prakties en spesifiek vir die redding van mense onder die onbereikte groepe

a) Bid dat hele gesinne tot bekering sal kom - dit maak dit makliker vir bekeerlinge om staande te bly.

b) Bid dat die Gees van God op in Goddelike wyse in hulle gees sal werk om te soek na die Ware God in Christus Jesus.

c) Bid dat die Heilige Gees hulle harte sal voorberei om die evangelie te ontvang wanneer hulle dit hoor.

d) Bid vir ‘n openbaring van Jesus Christus as die Seun van God en die Verlosser van die wêreld onder die ongereddes. Daar is en stroom van getuienisse wat vertel hoe God homself op bonatuurlike wyse aan veral die Moslems openbaar. 35% van alle Moslems wat in Turkye tot bekering kom, getuig dat hulle vooraf een of ander visioen of droom gehad het of dat ‘n engel hulle besoek het.

e) Bid vir sondeoortuiging onder die ongereddes en dat dit hulle sal uitdryf om te soek na die vrede en die verlossing wat daar in Christus is.

f) Bid dat hulle op verskillende maniere (radio, TV, Bybel, geestelike boeke, sendingwerk, opheffingswerk ens.) blootgestel sal word aan die evangelie en dat dit mense na Christus sal trek.

g) Bid veral vir die redding van persone in gesags- en leiersposisies. Bid dat hierdie mense hulle sonde sal bely en Jesus openlik sal bely en volg.

h) Bid dat die ongereddes moeg sal word vir sonde en dat hulle sal sien dat hulle eie godsdienste vals en boos is. Bid dat daar by hulle in soeke sal kom na die waarheid en vir blywende vrede in hulle harte.

i) Bid dat die Here deur sy Heilige Gees aan sy kerk sal wys watter demoniese vestings daar onder die onbereiktes is wat mense blind maak om die waarheid van die evangelie raak te sien. Daar moet geestelike oorlogvoering gedoen word teen die demoniese magte wat hele volke of mensegroepe in duisternis hou.

j) Bid met lofprysing vir die ongereddes - weet dat God mense red en heelmaak.

(Heelwat van die inligting in hierdie hoofstuk kom uit ‘n pamflet van Joy Dawson met die titel *Praying for the unevangelized.)*